RE/MAX

**Tlhabane West**
3 Bedr, 2Bathr, Kitchen, Lounge, Dining room, R550 000
Jacob: 071 721 2459

**Sunrise Park**
2 Bedr, 1Bathr, Kitchen, R290 000
Tebogo: 083 239 6452

**Meriting X1**
2 Bedr, 1Bathr, Kitchen, Lounge, R240 000, Katlego Molefe: 082 696 5907

**Tlhabane West**
2 Bedr, 1Bathr, Kitchen Fitted, Dining room, R490 000,
Kagiso Motsamai: 084 665 9471

**Tlhabane West**
3Bedr, 1Bathr, Kitchen, Lounge, R500 000
Lebogang: 072 315 7325

**Tlhabane West**
3Bedr, 2Bathr, Kitchen Fitted, Lounge, Dining room, R590 000
Katlego Molefe: 082 696 5907

**Meriting X7**
3Bedr, 1Bathr, Kitchen, Dining room, R330 000,
Kagiso Motsamai: 084 665 9471

**Tlhabane West**
2Bed, 1Bathr, Kitchen, Lounge, R490 000
Lebogang: 072 315 7325

**Sunrise Park**
(Newly Build)
2Bedr, 1Bathr, Kitchen, Lounge, R290 000
Ennocetia: 071 540 2603

**Meriting X1**
3Bedr, 1Bath, Kitchen, Lounge, Price on request, phase brick house
Crispin: 084 266 0342

**Tlhabane west**
3Bedr Fitted, 2Bathr, Kitchen, Lounge, Dining room, R580 000
Lydia Ndlovu: 078 323 6169

**Tlhabane West**
3Bedr, 2Bathr, Kitchen, Lounge, Dining room, R600 000, Ennocentia: 071 540 2603

**Geelhout X4**
3Bedr, 2Bathr, Kitchen, Lounge, Dining room, Garage, swimming pool, Price on request,
Crispin: 084 266 0342

**Million dollar X12**
3Bedr 2Fitted, Bathr, Kitchen Fitted, lounge, Carport, Walled and Paved, R400 000
Lydia Ndlovu: 078 323 6169

**Tlhabane west**
3Bedr, 2Bathr, Kitchen, Lounge, R560 000,
Jacky: 079 080 4699

**Geelhout X9**
3Bedr, Bathr, Kitchen, Dining room, R490 000
Jacky: 079 080 4699

**Meriting X1**
2Bedr, Bathr, Kitchen, Dining room, R280 000
Donald Khuzwayo: 079 565 5858

**Tlhabane West**
3Bedr, 2Bathr, Kitchen Fitted, Dining room, R640 000
Jacob: 071 721 2459

**Tlhabane West**
3Bedr, 2Bathr, Kitchen Fitted, Dining room, Garage, R750 000
Jacob: 071 721 2459

**Tlhabane West**
3Bedr, 1Bathr, Kitchen, Dining room, R550 000
Donald Khuzwayo: 079 565 5858

RE/MAX

Joe: 071 128 8695

Ek het niks om aan te trek nie!" Elkeen van ons het dit al gesê terwyl ons voor ons kas staan wat eintlik propvol klere is. Niks lyk presies "reg" nie. Gelukkig bied Loslit Dag jou een dag in die jaar aan waar enige iets aanvaarbaar is.

Hierdie besonders gewilde fondsinsamelingsgebeurtenis is gebaseer op die konsep dat jy enige iets vir die dag kan aantrek, solank jy die amptelike Loslit Dag-plakker ook dra.

Die opbrengs van die donasies vir die plakkers bevoordeel organisasies wat dienste bied aan mense met gestremdhede.

Die 2011 veldtog, met die uitrustings wat ruk-en-rolsterre oor die jare gewild gemaak het as tema, wys dat jy jou alledaagse uitrusting kan afskud en iets besonders aantrek om jou innerlike "rock-ster" los te laat. Jou plakker, wat deur 'n R10 donasie verkry word, sal wys dat jy só aangetrek het om die regte van persone met gestremdhede te ondersteun. Hierdie jaar vind Loslit Dag, wat 'n hoogtepunt op die kalender vir Suid-Afrikaners geword het, op Vrydag, **2 September** plaas. As Suid-Afrika se vernaamste fondsinsamelingsprojek vir persone met gestremdhede, het Loslit Dag 'n rekord bedrag van R18, 026 000 met die 2010-veldtog ingesamel.

Me Annelise de Jager, die stigter van Loslit Dag, het gesê, "Dit is 'n riem onder die hart om die volgehoue geesdrif en passie wat deur die publiek, ons deelnemende NGO's en maatskappye rondom hierdie projek weerspieël word, te sien. Elke jaar neem mense deel aan die pret met die wete dat hulle bydrae waarlik die mense bereik vir wie dit bedoel is."

Loslit Dag skep baie opwinding in die werksplek, omdat personeellede met die humoristiese uitrustings wat hulle aantrek, met mekaar meeding. Onderliggend aan al die pret, is die ernstige saak van geldinsameling en bewusmaking van gestremdheid en die noodsaaklikheid vir 'n maatskaplike fokus.

Plakkers word versprei via die infrastruktuur van die projek se finansiële vennote, Absa, Game en Edcon-winkels landwyd, asook 'n wye netwerk van deelnemende organisasies wat dienste op die gebied van gestremdheid lewer.

Mnr. Johan Viljoen, Nasionale Direkteur van die Nasionale Raad vir Persone met Fisiese Gestremdhede (NCPPDSA) het al die deelnemers geluk gewens met hulle uitstekende prestasie. "Loslit Dag is 'n hoogtepunt op die kalender vir die 270 begunstigde organisasies wat aan hierdie projek deelgeneem het en hulle het van die geleentheid gebruik gemaak om fondse vir hul organisasie se behoeftes in te samel. Die lewens van persone met gestremdhede is beduidend verbeter deur die fondse wat die organisasies ingesamel het vir diegene aan wie hulle dienste lewer. Die geld word in baie areas gebruik, insluitend werkskepping, die verligting van armoede, maatskaplike opheffing, behuising en onderwys. Nie net word fondse ingesamel nie, maar die bewustheid van die behoeftes van die gemeenskap word op 'n prettige manier verhoog".

Marcia Zungu, Absa se Groepbemarkings- en Kommunikasiedepartement se verteenwoordiger vir Sosiale-investeringsbestuur sê, "Ons is trots op ons lang en suksesvolle verbintenis met Loslit Dag. Die projek gaan elke jaar van krag tot krag, en trek elke jaar meer aandag onder Suid-Afrikaners. Ons is dankbaar dat ons pogings sal veroorsaak dat een van die kwesbaarste dele van ons gemeenskap hulpbronne sal ontvang en dat ons help om mense met gestremdhede te bemagtig. Loslit dag is 'n lighartige gebeurtenis wat kameraadskap in die werkplek bou. Suid-Afrikaners het met hulle skenkings bewys dat hierdie 'n saak is wat die moeite werd is om te ondersteun."

**Die fondse word uitgedeel aan die volgende ses nasionale begunstigdes:**

- Die Nasionale Raad vir Persone met Fisiese Gestremdhede (NCPPDSA);
- Disabled People South Africa (DPSA);
- SA Nasionale Raad vir die Blindes (SANCB);
- SA Federasie vir Geestesgesondheid (SAFMH);
- Federasie vir Dowes van Suid-Afrika (Deafsa); en
- Epilepsie SA (ESA).

**Vir meer inligting, kontak:**
**Tel: (012) 663 8181**
**Faks: (012) 663 8188**
**e-pos: casualday@mweb.co.za**
**Webblad: www.casualday.co.za**